

VGK-ring beywer hom vir vigs-vriendelike gemeentes

(Saamgestel uit inligting wat di Attie du Plessis en Averell Rust van die Verenigende Gereformeerde Kerk verskaf het.)

Ring van Wynberg betrokke by MIV

As kerk kan die nood en lyding wat vigs en MIV veroorsaak nie geïgnoreer word nie. Die boodskap van die Bybel, en in besonder die voorbeeld van Jesus Christus, roep ons op om in woord en in daad iets aan die nood te doen.

In gehoorsaamheid aan die Here van die kerk het die Ring van Wynberg in Kaapstad besluit om dit gesamentlik te doen.

Die Diakonale Dienste van die ring het besluit om op vier vlakke gelyk betrokke te raak:

- by mense wat vigs het;
- kommunikasie en bewusmaking binne kerkgemeenskappe om die stigma rondom vigs af te breek en só te help dat mense die nodige ondersteuning kry;
- voorkomingsprogramme, veral by die jeug; en
- vigsvriendelike eredienste.

Reeds by die eerste byeenkoms het ringslede besef al is hulle bereid om betrokke te raak, daar 'n groot behoefte aan opleiding is. Daarom is die vigsburo CABSAs op Wellington genader om 'n werksessie te kom aanbied.

CABSAs-werksessie bring seën

Reeds gedurende Augustus 2003 is 'n baie geseënde werksessie by die VGK gemeente Acacia Park in die Ring van Wynberg aangebied.

Die feit dat een van die persone wat dit bygewoon het aan die groep openbaar het dat hy MIV-positief is, getuig van die besondere sensitiwiteit en empatie waarmee die werksessie aangebied is. Die getuienis van 'n MIV-positiewe persoon het die groeplede nie alleen laat besef wat in die hart van iemand met MIV leef aangaan nie, maar ook dat hulle mekaar nodig het en moet versorg.

Ds Attie du Plessis van die VGK gemeente Parkwood het later self een van CABSAs se *Train the Facilitator*-kursusse bygewoon sodat hy ook as fasiliteerder bemaatig kon word.

In Maart 2005 het CABSAs wéér 'n werksessie in die ring aangebied waar nuwe lede vir die Vigs-aksiegroep gewerf is. Een-en-veertig deelnemers het ses van die agt gemeentes uit die ring verteenwoordig.

Op die tweede dag van die program het bestaande lede van die Vigs-aksiegroep hulle ook by die kursusgangers aangesluit. Hulle het saam koppe bymekaarsit om die aktiwiteite van die groep te evalueer en te

beplan vir die nuwe jaar.

Wat beteken die werksessies?

'n Paar aanhalings vertel die verhaal.

- “Ná afloop van die werksessie was ons almal daarvan oortuig dat ons meer betrokke wil raak. Ons was nou meer bewus en sensitief vir die implikasies en inpak van MIV en vigs.”
- “Ons vooroordeel en onverskilligheid was aangeraak. Ons het daar 'n dieper verstaan van die pandemie en die behoeftes wat daarmee gepaard gaan, ontwikkel.”
- “Ons was nou almal daarvan oortuig: Vigs is nie 'hulle' probleem nie, dit is óns probleem, dit raak ons almal.”
- “Ons sal voortaan met nuwe oë kyk na mense wat met die MIV-virus geïnfekteer is en hulle met liefde en deernis ondersteun. Ons vra nie meer hóé is iemand geïnfekteer nie, maar hoe ons mekaar kan hêlp.”

Die Vigs-aksiekomitee wat ná die eerste werkwinkel in 2003 gestig is, is steeds aktief. Ds du Plessis het die fasilitering van die tweede werksessie grootliks self gedoen. CABSAs was by dié geleentheid amper net 'n toeskouer in 'n ondersteunende hoedanigheid.

Maak Wynberg-ring prakties 'n verskil?

- In gemeentes is die ring besig met 'n bewusmakingsproses.
- In eredienste streef hulle daarna om die konsep van 'n vigs-vriendelike kerk te laat realiseer.
- As ring is hulle ook prakties betrokke met ondersteuning by inrigtings en hospitale waar MIV-positiewe mense behandel word.
- 'n Vigs-aksiegroep is ná afloop van die eerste werksessie gestig.
- Deur 'n Sondagmiddage-groep probeer 'n aantal lidmate om een keer per maand gesellig te kuier saam met mense wat MIV-positief is, en om só te leer wat dit prakties beteken om met die infeksie te leef.
- Kospakkies word verskaf aan mense wat vigs het.
- Die Aksiegroep wend spesiale pogings aan om te verseker dat gemeentes effektiewe programme op Vigs-herdenkingsondag (Mei-maand) en Wêreldvigsdag (in Desember) hou en stel liturgiese materiaal vir dié doel beskikbaar.